

Is u 'n barmhartige mens?

Wat beteken dit in die praktyk om barmhartig te wees? Is dit - soos sommige mense meen - dieselfde as om "gemaklik" of "ruimhartig" of "verdraagsaam teenoor sonde" te wees? Nee. U moet onthou dat ons hier handel met 'n begrip wat bo alles op God Self van toepassing is. God is die Bron van alle barmhartigheid. Daarom is dit miskien goed om barmhartigheid met genade te vergelyk en so te kom tot 'n korrekte begrip van die barmhartiges wat deur Jesus salig geprys word.

Wat is die verskil tussen genade en barmhartigheid? Genade fokus op sonde, terwyl ons kan sê dat barmhartigheid veral fokus op die tragiese gevolge van die sonde. Daarom is die barmhartige Christen wat deur Jesus salig geprys word, iemand wat in homself deernis ervaar vir mense wat ly onder die gevolge van die sonde. Maar juis daarom kom hy/sy ook in beweging. Hy volstaan nie daarmee om sy tong te klik en sy kop in mededoë te skud nie. Nee, soos die barmhartige Samaritaan gaan hy tot aksie oor om die lydende daadwerklikheid by te staan. Daadkragtige optrede is die element wat die Samaritaan onderskei van die priester en die Leviet.

Wat is die loon van hierdie barmhartiges? Aan hulle sal deur God Self ook barmhartigheid bewys word! Indien u so 'n barmhartige is, mag u daarop reken: nou reeds - in hierdie bedeling - sal u beloon word met God se barmhartigheid. Maar ook op die dag wanneer u voor God se troon verskyn en die boeke geopen word, sal u barmhartigheid ontvang.

Is u 'n barmhartige mens? Het u opregte, daadkragtige erbarming met slagoffers van die sonde en die duiwel? Is u opreg jammer vir sondaars wat u aanstoot gee? Ja? Geseënd is u. Want aan u sal barmhartigheid bewys word!

Sing Skrifberyming 45:1,11 en 12

Ds. J J. Cloete (Koster)